



Moedig deur jou winter ...

Wat maak my bly?

Wat as ek siek is?

Wat as ek in finansiële
moeilikhed beland?

Die Fontein

DIE MAAND IN DIE FONTEIN

JULIE 2025

Redaksioneel	01
Geestelike groei	02
Gemeentegebeure	10
Kerkfinansies	13
Kollig op ons	17
Kommissies en Diensgroepe	
Kinderhoekie	18
Briewekolom	22
Blokadvertensies	26



Teks vir die maand

“... Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself
sou vertrou nie, maar op God wat die dooies
opwek tot die lewe.”

2 Korintiërs 1:9b




Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer

Dis winter! Sommige persone hou van die winterkoue, maar die meeste van ons hou nie van die ysigheid nie. Ons weet egter dat die winter verbygaan en opgevolg word deur die lente wanneer alles in die tuin weer begin groei. Dan voel dit asof daar weer nuwe lewe in die lug is. Maar elkeen van ons moet eers deur die winter leef wat deur baie mense as 'n tyd van swaarkry ervaar word.

Net soos die winters van ons lewe deur baie as moeilike tye beskou word, so kan beproewings en swaarkry in jou lewe ook 'n soort winter simboliseer. Hierdie swaarkry kan vele vorme aanneem, bv. ernstige siektes, 'n geliefde wat jy aan die dood moes afstaan, finansiële druk, verhoudingsprobleme, eensaamheid, ensovoorts.

Die vraag is hoe ons as gelowiges sulke swaarkry, sulke wintertye in ons lewe, moet benader. Die redaksie van ons maandblad het besluit om hierdie maand ons fokus te plaas op sulke swaarkrytye en hoe ons dit as gelowiges moet benader om daardeur te kom. Vandaar ons tema: **“Moedig deur jou winter”**.



Dit verg moed en vertroue in die Here ons God as daar allerlei probleme op ons pad kom. Hierin staan die woorde van Spr. 3: 5-6 veral voorop: “Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.” Jakobus gee raad dat ons selfs moet bly wees wanneer allerlei beproewings oor ons kom. Dit is nie altyd maklik nie, maar dan stel hy dit ook dat ons die Here vir wysheid mag vra. Jak. 1:5 sê “As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.”

Nie al ons beproewing kom tot 'n einde tydens ons aardse lewe nie, maar dan het ons nog steeds die heerlike wete dat “... die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlijkheid wat God in die toekoms sal laat aanbreek nie” (Rom. 8:18).

Ons vertrou dat julle werklik vertroosting mag vind in hierdie maand se artikels oor ons swaarkrytye.



Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za**.



Of WhatsApp die kerkkantoor by **079 162 3453**.



Gooi jou brief in die boksie by die kennisgewingbord.

Woordoordenking: Moedig deur jou winter

Ds. Christie Roets

Kinders van die Here wat oud word, behoort geestelik al hoe sterker te word. Ja, dis moontlik! In vers 13 en 14 word bejaardes met palmbome en sederbome vergelyk. Palmbome dra jaar na jaar al hoe meer dadels en hou aan vrug dra tot hulle al baie oud is. Sederbome het weer 'n diep wortelstelsel. Hoe ouer hulle word, hoe minder kan hulle deur stormwinde omgewaai word. Die geheim is natuurlik die lewenswater wat hulle ontvang "in die huis van die Here" (vers 14). So behoort ek en jy ook toe te neem in geestelike krag en al hoe meer vrug te dra wat pas by ons geloof. Ons behoort al hoe vaster in ons geloofsoortuiging te word, meer beginselvas en toegewy, om al hoe meer die beeld van Christus te vertoon.

Wat is die voordele van oudword? Dit lyk tog dikwels net na agteruitgang, meer pyne en skete, meer hartseer, verlange en eensaamheid. Nee, dit is nie die volle prentjie nie. **Die waarheid is dat die bejaardes meer tyd kry om die Here te dien.** Jy het baie meer tyd om jou Here se Woord te lees as hulle wat vroeg sterf.



Hoe langer jy leef, hoe meer tyd het jy om te bid, goed te doen aan ander en om Christus se liefde te versprei.

Gelowige bejaardes bekom wysheid en insig en meer geleentheid om 'n positiewe invloed op hul naaste te hê.

Besef u hoe 'n groot voorreg dit is om 'n bejaarde te mag wees, om jou wintertyd te beleef? Dis nie 'n vanselfsprekendheid nie en die Here gee dit ook nie aan almal nie.

Sommiges sterf in hul lentetyd, ander in hul somer, ander in hul herfs. Daarom dat Pred. 11:8 sê "As 'n mens lank lewe, moet jy oor alles dankbaar wees."

As bejaardes fokus op hul liggaamlike agteruitgang en op al die slegte dinge soos veranderinge en verliese, kan hulle maklik morbied raak. Maar wat baat dit jou? Niks. Die Here verwag egter die teenoorgestelde van sy bejaarde kinders.

Oefen jou geloofspiere, bid meer en strewe daarna om jou Here te behaag. Doen goed solank jy die geleentheid het. So word ons winter 'n mooi en vreugdevolle tyd tot eer van ons God.

Die wintertye in ons lewens ...

Henriëtte Mulder

Swaarkry is deel van elke mens se pad, maar soms, in die middel van die wintertye van ons lewe, vergeet ons dat ons nie alleen is nie. Winter word baie keer as die simbool van swaarkry gesien en dis een van die dinge in die lewe waarvan niemand gespaar word nie. Dit maak nie saak wie of wat jy is nie, elkeen van ons gaan op 'n tyd in ons lewens deur swaarkry. Hoe ons daarop reageer en dit verwerk, is wat en hoe dit ons verander. Dis wat ons maak wie ons is wanneer ons aan die ander kant uitkom.

Soms is daar swaarkry wat makliker is om te verwerk. Ander kere is dit só moeilik dat ons jare na die oorspronklike traumatiese ervaring steeds met die gevolge sit. Swaarkry kan op soveel maniere in ons lewens insluip dat ons dit partykeer nie eens besef totdat ons diep in die groef van hartseer is nie. Dan is daar die kere wat swaarkry ons tref soos 'n koue front wat jou warm-menswees wegruk. Hierdie is baie keer makliker om in onself en in ander raak te sien en dit is ook wanneer ons simpatie, raad en hulp kry – partykeer ongevraag, partykeer net genoeg bemoedigende woorde om te keer dat ons nie verder in die gat val waarin ons reeds is nie.

Seker een van die bekendste en maklikste herkenbare swaarkry-ervarings wat almal een of ander tyd in die lewe deurmaak, is die verlies van 'n geliefde – die dood. Ons weet nie altyd wat om te sê as iemand 'n geliefde verloor het nie, of hoe om onself te bemoedig in tye van verlies nie. Dis dan dat ons baie keer sê “hulle is op 'n beter plek” of “God het sy kind kom haal”. Hoewel hierdie trooswoorde nie noodwendig die verkeerde woorde is nie en ons dit self glo, beteken dit nie dit is maklik om te hoor nie.

“... ons onthou: hoe moeilik die wintertye van ons lewe ook al mag wees, ons nie alleen is nie.”

Ons baklei daarteen. Tog moet ons altyd onthou: God is in beheer – ook van die dood – en Hy weet presies waardeur ons gaan.

Werksverlies is ook 'n vorm van swaarkry waarvoor ons nie altyd kan voorberei nie. Soms tref dit onverwags en daarmee saam kom 'n klomp negatiewe gevoelens. Baie keer voel ons dat ons nie goed genoeg is nie, ons stres en dink ons gaan nooit weer 'n ander werk kry nie en ons voel soos 'n oorlas. Ook hier moet ons vashou aan die Woord van God: **“Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is, Ek maak die moedeloze weer vol moed.”** (Jer. 31:25)

Daar is ook swaarkry soos honger, eensaamheid, mishandeling, verwerping en soveel ander wat tasbaar raak wanneer ons dit ervaar. Ons moet mekaar bystaan sonder oordeel en hoewel soms ondenkbaar, kan ons probeer om onself in die skoene van iemand wat swaarkry te plaas. Ons moet onthou dat, alhoewel trooswoorde met liefde bedoel is, dit partymaal ontydig is en seerder tref as stilte. Soms het ons nodig dat iemand in stille teenwoordigheid by ons is.

Soms kom dit wel presies op die regte tyd – en help dit ons onthou: hoe moeilik die wintertye van ons lewe ook al mag wees, ons nie alleen is nie. Ps. 56:9 herinner ons: **“My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet ...”** God verlaat ons nie al voel ons ver van Hom af – Hy hou ons vas wanneer die nagte te donker en die dae te lank raak. Hy wag vir ons, altyd gereed om ons terug te ontvang.

Hoe hanteer ek as gelowige my siekte?

Andrie Beumer



Almal van ons is al gekonfronteer met ernstige siektetoestande of beserings wat jou lewe totaal omkeer, bv. wanneer jyself of 'n geliefde ernstig siek word, word jou lewe op 'n ingrypende wyse beïnvloed.

Meestal is die aanvanklike reaksie wanneer die diagnose en skokkende prognose bekendgemaak word een van ontkenning. Tweede opinies word gevra.

Na die aanvanklike skok, beleef die persoon en die familie 'n stadium van rou. Hy/sy besef dat hierdie siekte dalk tot die dood of permanente ongeskiktheid kan lei en dat daar 'n tyd van ernstige behandeling met baie nuwe-effekte voorlê. In die geval van byvoorbeeld kanker of beroerte, is dit oorweldigend. Sommiges worstel met God oor hoekom dit met hulle moes gebeur.

“Nou begin hulle fokus verander. In plaas van wanhoop, begin hulle vooruitkyk na wat vir hulle voorlê.”

Dan kom daar by gelowiges gewoonlik aanvaarding en hoop. Die gelowige en sy familie wend hulle steeds meer tot God en vra ander om ook saam te bid. Die siekes sal in die tyd positief bly en glo dat God hulle sal genees. Selfs tydens die mediese ingrype bly hulle moedig. Wanneer hulle dan later gaan vir die toetse om vas te stel of die behandeling gewerk het, kry party goeie nuus en ander nie.

Die wat goeie nuus kry, is geweldig dankbaar en hulle blydschap word gedeel deur almal wat hulle ondersteun het. Dit versterk ook hul geloof in God omdat hulle gebede verhoor is.

Die Heidelbergse Kategismus stel dit dat ons in alle teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar kan wees. Hoe moet die gelowige dit dan hanteer as teëspoed op sy pad kom?

Diegene wat slegte nuus kry, sal geduldig voortgaan en steeds nuwe behandeling oorweeg. En hulle geloof sal sterk bly. Baie kankerpatiënte word egter liggaamlik so afgetakel dat hulle uiteindelik 'n besluit moet neem. Dis die laaste keer. Nou begin hulle fokus verander. In plaas van wanhoop, begin hulle vooruitkyk na wat vir hulle voorlê. Terwyl een persoon se pyn so intens geword het dat selfs kwaai pynmedikasie dit nie meer onder bedwang kon kry nie, het hy vir sy familie gesê: “Julle bid nou teen my. Julle bid nog vir genesing, maar ek wil hê die Here moet my nou kom haal. Ek is gereed om te gaan”. As daardie tyd in 'n gelowige se lewe aanbreek, begin hy die bande losmaak. Hy begin sy aardse tentwoning se penne optrek en hy begin toenemend uitsien na sy ewige tuiste by die Here (2 Kor. 5:1-2).

Dit is dan wanneer sy geliefdes daardie persoon moet vrylaat. Hoe swaar dit ook mag wees, kan ons saambid vir genade en vir die Here se verlossing.

Waarheen ... wanneer die finansiële berg steil raak?

Ds. Pieter Kurpershoek

Wat baat dit my om in Jesus te glo wanneer pryse styg, maar my pensioen krimp; wanneer ek skielik 'n groot uitgawe moet aangaan, maar daar is nie spaargeld nie; wanneer ek my werk verloor, maar my kinders moet elke dag eet; wanneer ek agterkom my besigheid is besig om te vou?

Wanneer ons finansiëel begin worstel, raak ons dikwels angstig en bekommerd (Hoe gaan ons oorleef?). Ons voel magteloos en oorweldig (Die skuld is só baie!). Ons begin moedeloos en later selfs hooploos voel (Niks wil werk nie!). Maar ons voel ook teleurgesteld en hartseer (Ons drome is daarmee heen!) én skaam en waardeloos (Ek kan nie eers sorg nie!). Uiteindelik voel ons al meer eensaam en alleen (Die Here gee nie om nie! Ek sien nie kans vir mense nie!).

Met al hierdie gevoelens mag ons heel eerste onthou: **Ons Hére gee om.** Hy gee juis vir mense wat swaarkry om, vir armes, weduwees en vreemdelinge (Ps. 146:9). Hy gee dus ook vir jou wat finansiëel worstel om. Hoe weet jy dit? Kyk na sy liefde vir jou aan die kruis van Jesus!

Maar onthou óók: **Fokus op vandag!** Ons Here leer jou en my immers om te bid: Gee ons vandag ons dag se brood én Hy beloof ons dat Hy vir ons sal sorg – soos Hy vir die voëltjies sorg (Matt. 6:25-33). Maar daarom moet ons nie die energie wat Hy ons vir vandag gee, op môre se bekommernisse uitmors nie (Matt. 6:34).

“... Met al hierdie gevoelens mag ons heel eerste onthou: Ons Hére gee om. Hy gee juis vir mense wat swaarkry om, vir armes, weduwees en vreemdelinge ...”

Daarom: **Werp jou bekommernisse op Hom!** (1 Pet. 5:7). Ons mag nederig voor Hom buig en erken dat Hy vir ons sorg. Ons mag met vertroue al ons sorg op Sý skouers sit. Hy is immers die Here wat as Goeie Herder in ons belangstel en ons nood ter harte neem.

Maar: **Laat ook jou broers en susters in die gemeente toe om saam met jou te worstel** (1 Kor. 12:26) en jou te help versorg (Jak. 1:27, 2:15-16). Jy en ek hoef nie skaam te wees en ons te onttrek nie. Kom ons soek geloofsvriende op wat saam met ons kan en wil sit, praat, dink, worstel en veral bid.

Ook mag ons vashou: **Daar is áltyd hoop!** Ons Here is immers die God wat die dooies opwerk tot die lewe (2 Kor. 1:9). Uitkoms is moontlik, máár op Sý manier. Wag daarom en sien wat Hy wil en gaan doen.

Uiteindelik is en sal ons **áltyd by die Here geborge wees.** Daar is niks – óók nie ons finansiële worstelinge – wat ons van die Here se liefde in Jesus kan losmaak nie. Jy en ek IS veilig, want ons behoort aan ons Here Jesus!

Nogtans verbly ons, ons in die Here

Magda du Toit



Soms voel dit of die lewe besig is om ons uit te mergel. Net wanneer ons dink daar kan nie nog iets wees wat ons tref nie, word ons verkeerd bewys. Nog 'n terugslag. Nog 'n uitdaging. Nog hartseer. Nog 'n diefstal of rooftog. Nog miljoene is verduister. Tussendeur word ons beursies al hoe dunner.

Onwillekeurig sak die magteloosheid party dae oor ons en dan smag ons na uitkoms, oplossings of net krag om alles te kan hanteer. Soos Habakuk vra ons:

“Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here? Moet ek aanhou kla oor die geweld en bedrog in ons land voordat U gaan intree?

Oral rondom ons is daar onderdrukking en geweld en word daar getwis en baklei. Dit lyk of u wil en gebooie nie meer krag het nie.

Reg geskied nie meer nie. Slegte en skelm mense het die oorhand oor die goeies. Here, waarheen gaan alles?”

(Hab. 1:2-4)

Dit is asof Habakuk elke aspek van ons lewens presies beskryf. Tog, wanneer ons verder lees, sien ons Habakuk eindig met 'n sterk geloofsverklaring:

“Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen duiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.”

(Hab. 3:17-19)

“Al gaan dit hoe sleg en al is daar geweld, bedrog en hartseer om ons, moet ons vashou aan ons geloof en hoop.”

Dit is op hierdie laaste woorde van Habakuk waarop ons moet fokus. Lees jy dit raak? Al gaan dit hoe sleg en al is daar geweld, bedrog en hartseer om ons, moet ons vashou aan ons geloof en hoop. Ons moet aanhou om bly te wees in die Here. Ons moet voortgaan om te jubel en te juig oor God wat uiteindelik alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet. (Rom. 8:28)

Hoe hanteer ek as gelowige eensaamheid?

Corrie van Wyk

Psalm 25:16

“Sien my in genade aan, Here, want ek is eensaam en verstote.”

Wat is eensaamheid?

Eensaamheid is 'n emosionele gevoel van pyn wanneer jy nie goeie kontak met ander mense het nie.

“Vir sommige mense beteken alleenwees onmiddellik ‘eensaam wees’. Vir ander is die alleenwees 'n heilige oomblik, een van verryking, geestelike asemhaling en sommer net 'n heerlike, welkome stil word.” – Dr. Petrus Moolman

Moet 'n mens nie soms alleenwees aangryp nie? Meer nog: is dit dalk nie eerder 'n geskenk van God nie? 'n Gawe om ons afhanklik van God te hou? Hierdie insig maak 'n verskil in 'n mens se lewe. Dan verander 'n mens se eensaamheid in gemeensaamheid. Leef naby die kudde van jou Herder.

Psalm 23:4

“... want U is naby my. U stok en u staf beskerm en ondersteun my.”

Jou Herder het jou uit genade deel van sy kudde gemaak. Jy is in werklikheid omring deur jou geloofsbroers en -susters by Pretoria-Annlin gemeente.

Ons leer in die Ou en Nuwe Testament dat die herder altyd, dag en nag, by sy kudde was. Hoe doen ons Herder dit?

♥ Die Vader het sy Seun na die eensaamheid van hierdie wêreld gestuur

God het sy Seun weggestuur uit die hemelse heerlikheid. Jesus het na die eensaamheid van hierdie wêreld gekom.

♥ Jesus Christus het eensaam geleef

Die eensaamste deel van sy lewe was teen die einde toe die Fariseërs en Skrifgeleerdes almal saamgestaan het om Hom dood te maak. In die tuin van Getsemane was Jesus baie eensaam.

♥ Hy het eensaam gesterf

'n Eensame oomblik in die Here Jesus se lewe op aarde, was daardie Vrydag aan die kruis buite Jerusalem op Golgota, maar die eensaamste was toe sy Vader Hom ook verlaat het. (Matt. 27:46).

♥ Jesus is saam met jou ná sy opstanding

Jesus het self na sy opstanding dié sekerheid aan sy dissipels gegee: “Ek is by julle tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20)

♥ Jesus is in die Heilige Gees altyd by jou

Na sy opstanding het Jesus na die hemel opgevaar, maar Hy het sy belofte gehou. Hy en sy Vader het die Heilige Gees gestuur.

Rig jou lewe deur die Heilige Gees op Jesus Christus jou Herder en verdryf so die eensaamheid.

Jy kan ook uitsien na die dag wanneer alle eensaamheid finaal beëindig sal word. Wanneer Jesus Christus weer kom, sal niemand ooit weer eensaam wees nie, nie jy nie en nie enige ander gelowige nie.

Gebedsversoeke:

Carina Pyper – Gebed geneem uit die Abba Vader Gebedsbundel.

“Die geknakte riet sal Hy nie verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie.”

Jesaja 42:3

Laat u Heilige Gees, almagtige God, aan ons getuienis gee dat ons tot U kinders behoort. Maak ons standvastig in die hoop op die ewige lewe. Laat ons soos 'n skipper in die donker nag die oog gevestig hou op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Laat ons alleen op U, ons God, vertrou, wat u raadsplan met elkeen van ons uitvoer. Maak ons dan sterk in die geloof in alle versoekings, sodat ons U, in lief en leed, altyd aanhang en ons ewige heil en welvaart by U alleen soek omdat ons weet dat U die geknakte riet nie sal verbreek nie en die dowwe lamppit nie uitblus nie en dat U ons aansien in Jesus Christus, ons Here.

AMEN (deur Coenraad Mel).

“Maar ek sal van U sterkte sing, U goedheid vroeg my jubel bring: U was my toevlug in die nag, in angs het ek op U gewag. God van genade – en sterk daarby, aan U sal ek my loflied wy!”

Psalm 59:10



Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.



Volg [hierdie skakel](#) op Annlin se webblad na gebedsbediening.

Lewensvreugde ten spyte van swaarkry en terugslae

Magda du Toit

Dit voel so baie keer dat die lewe sy rugkant op ons gedraai het. Dit kan wees dat gebeure buite jou beheer jou lewe 'n knou gegee het – siekte, aflegging by die werk, die slagoffer van 'n bedrogspul of 'n natuurramp.

Dit is soms moeilik om vreugde te vind. Ons word daaglik met geweld, armoede, werkloosheid, misdaad, bedrog en siekte gekonfronteer. Ons kan letterlik bladsye vol skryf oor hoe sleg dit met ons gaan en hoe moeilik dit is om te bly glimlag. Dit is soms net makliker om maar mismoedig te bly.

Ons dink so dikwels dat ons vreugde en geluk vasgevang is in ons omstandighede. Maar innerlike vreugde en geluk lê binne onself en is gesetel in die feit dat ons in God leef en God in ons.

Paulus skryf 'n brief oor vreugde aan die gemeente in Filippi terwyl hy in aanhouding is. Hy het deur sy lewe ontdek dat ware blydschap nie afhang van sy omstandighede nie, maar dat dit deel is van sy lewe ongeag wat sy omstandighede is. Ondanks die feit dat hy in 'n Romeinse tronk is, gebruik Paulus gereeld die woorde blydschap, verbly en bly. Hierdie woorde kom ongeveer 15 keer in sy brief aan die Filippense (Fil. 4) voor.

“Maar innerlike vreugde en geluk lê binne onself en is gesetel in die feit dat ons in God leef en God in ons.”

Nou in die winter, kan jy dalk ook terugkyk en besef dat ten spyte van goed wat gebeur het of nie gebeur het nie, jy nogtans bly kan wees, want jou lewensvreugde is gesetel in God se teenwoordigheid in jou lewe.

Met die wete dat God elke tree saam met ons stap, kan ons die oomblik aangryp en reg wees vir die res van die jaar. Ons kry elke dag die geleentheid om weer nuut te begin – op 'n skoon bladsy. Ons ontvang God se seën en genade, maak nie saak wat ons omstandighede is nie.

Mag jy die res van 2025 met 'n nuwe lewensvreugde tegemoet gaan, want die genade van die Here Jesus Christus sal altyd met jou wees.

Bekendstelling van evangelisasie-spaarbussies

Johan Potgieter



Dit is die visie van die bruidskerk Pretoria-Annlin om in toenemende mate volgelinge van Christus te maak, hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop, hulle te leer en te onderrig en hulle in die huis van God tuis te maak, sodat hulle God liefhet met alles wat hulle het en hulle naaste soos hulleself.

Om dit vir die gemeente moontlik te maak om hierdie visie en missie vir die saak van evangelisasie uit te leef, sodat God se geroepe kinders uit alle taal- en kultuurgroepe 'n geestelike tuiste in die Kerk van Christus kan vind en toegerus mag word om volhoubaar en selfstandig kerk vir God te kan wees, is dit belangrik om die nodige hulpmiddele te voorsien om evangelisasieprojekte aan te pak.

Benewens die gawes wat lidmate moet gebruik om dit moontlik te maak, is finansiële ondersteuning ook van kritiese belang. Finansiële steun word vir ondermeer die volgende projekte benodig:

In die lig van bostaande word u aangemoedig om, waar moontlik, ons nuutste fondsinsameling vir evangelisasieaksies finansiëel te ondersteun deur:

- Aankoop van Bybels vir die verspreiding in ons onmiddellike omgewing, omliggende omgewings en die buiteland.
- Klankbybels vir diegene wat nie geletterd is nie.
- Versorging van predikante in Mosambiek deur die voorsiening van lewenstoelaes.
- Koste verbonde aan uitreikaksies.
- Toerusting en opleiding van predikante in Afrika.
- Aankoop en verspreiding van toepaslike lektuur.

- Spaarbussies, wat aan belangstellendes voorsien sal word, te gebruik om gereeld oortollige muntstukke in te gooi.
- Ons versoek dat u sover moontlik silwermunte en 50c-munte in die blikkies sal plaas. 'n Bussie vol kleiner koperstukke gaan nie die koste vir die vervaardiging van die bussie delg nie.
- Wanneer die bussies vol is, kan u dit by die kerkkantoor inhandig en 'n nuwe bussie neem.

Ons bedank u by voorbaat vir u ondersteuning.

Opleiding van kerkleiers in Mosambiek

Johnny Beumer

'n Pragtige geleentheid! Volgende maand kom 33 kerkleiers van die Gereformeerde Kerk in noord-oos Mosambiek te Milange byeen om vir twee weke opleiding te ontvang. Die doel is om hierdie kerkleiers toe te rus sodat hulle op hulle beurt weer hul gemeentes kan toerus om uit te gaan en die evangelie met mense in hul gemeenskappe te deel.



Ons glo dat die Heilige Gees ons gelei het om vanjaar hierdie projek van stapel te stuur. Die redes vir hierdie opleidings-konferensie vir kerkleiers is as volg:

- Predikante kry swaar om te oorleef en sommiges verlaat die bediening. Dit bring mee dat ongeveer vyf uit die + 25 gemeentes van Gereformeerde Kerk in noord-oos Mosambiek tans vakant is. Hulle word bedien deur 'n ouderling of evangelis wat nie goed toegerus is om die Woord suiwer te verkondig nie. Vakante gemeentes veroorsaak dat die gemeentes begin kwyn.
- Die 3-jaar diplomakursus wat Hefsiba Universiteit in Mosambiek aanbied, bied nie genoeg praktiese kennis en ondervinding vir die jong predikante nie.
- Daar is tans minder studente wat klaarmaak in vergelyking met die aantal vakante gemeentes. Tans is daar net een finalejaarstudent vir noord-oos Mosambiek.



Ds. Danie
Murray



Pastor Ron
Chimzimu



Ds. Johannes
Aucamp



Die opleiding sal deur drie predikante – twee vanuit Suid-Afrika en een vanuit Malawi – aangebied word. Ds. Johannes Aucamp van **TOPIA** (Training of pastors in Africa) en ds. Danie Murray van die NG Kerk Protea-hoogte in Kaapstad is as sendelinge aan ons almal goed bekend. Beide het ons al verskeie kere met ons uitreike na noord-oos Mosambiek uitgehelp. Pastor Ron Chimzimu is 'n predikant van Mzuzu, 'n dorp in Noord-Malawi. Die Tumpline Sinode van die Gereformeerde Kerk in noord-oos Mosambiek het pastor Ron genomineer om mede-aanbieder van die kursus te wees.

Die opleiding begin DV 4 Augustus en loop op 17 Augustus ten einde. 'n Verskeidenheid onderwerpe sal gedek word, onder andere:

- Tradisionele geloof, wêreldbeskouings en die Bybel
- God se teenwoordigheid in jou lewe en wat dit van jou vra om Christus te volg
- Geestelike groei en dissipelskap
- Die kerk en Bybelse leierskap
- Verhoudinge en Christelike huwelike
- M*slern invloed

Voorbidding word vir hierdie belangrike opleiding gevra. Die kursus gaan ons nagenoeg R100 000 kos en hierdie koste sluit onder andere die vervoer van die kerkleiers na Milange, twee weke se verblyf en etes en die vervoerkostes van die opleiers in. Ons kort nog nagenoeg R28 000. Enige bydrae sal grootliks waardeer word.

Betaal asb. elektronies in die evangelisasie-kommissie se ABSA rekening (no. 4062943741) of sit 'n koevert met 'n kontantbedrag in die kollektesakkie. Gebruik asb. "Mos-opleiding" as verwysing.

Deputate Diakonale Sake

Diakonie, GK Pretoria-Annlin

Die Deputate Diakonale Sake (DDS) se kwartaallikse vergadering het op 2 Junie 2025 plaasgevind. Vervolgens is 'n kort oorsig van sake van belang vir ons gemeente: Doel, mandaat en magte van die DDS. Die DDS speel 'n ondersteunende rol wat diakonieë betref. Die DDS poog om kommunikasie tussen diakonieë te vergemaklik, bv. om die regte hulp betyds op die regte plekke te kry om dringende nood aan te spreek.

Curantis:

Dit is die naam van die DDS se nuusbrief en Facebook-blad. In Latyn beteken dit “om te sorg” of “om besorgd te wees”. 'n Raak beskrywing vir die amp van diaken!

Deputate terugvoer:

- (1) Die President Kruger Kinderhuise in Pretoria en Redders-burg se finansiële boeke het op 31 Maart 2025 gesluit en die ouditeure het met die jaarlikse auditproses begin.
- (2) Die Gereformeerde Kerke se Algemene Sinode vind DV in Januarie 2026 plaas en die afsnydatum vir rapporte is einde Junie 2025. Die DDS is tans druk besig om die nodige rapporte af te handel vir indiening.
- (3) Geen hulp is vir die afgelope kwartaal uit die DDS Noodtoestandefonds verleen nie.
- (4) Met betrekking tot die Artikel 25 bystandfonds en die mediese bystandfonds sal daar in die volgende kwartaal meer inligting weergegee word. Die DDS was wel in 'n posisie om weer die nodige toedelings te kon maak.

President Kruger Kinderhuise:

Die kinders se beste belange word op die hart gedra. Tans is die grootste uitdaging die uitbetaling van subsidies, in die besonder Gauteng. Die daaglikse versorging van die kinders verloop egter vlot. In Reddersburg is die probleem hul ligging, waar dienslewering en instandhouding 'n enorme uitdaging is. Binnekort gaan etlike personeellede hier uit diens tree (aftrede). Poste word binnekort geadverteer, bv. terreindiensbestuurder. U voorbidding word gevra.

Nasionale Diakonale Kongres:

Hierdie kongres sal DV op 25 Oktober 2025 te GK Rietvallei, Pretoria, plaasvind. Alle diakens van die GKSA word uitgenooi.

Indien u 'n kopie van die **Curantis** sou wil bekom, klik gerus op die prent hieronder:



Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde Junie, word hieronder uiteengesit.

Alle syfers is in Rand.

	Junie 2025		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentatie Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Junie 2025, het die kerkkas 'n netto tekort van ** gehad. Die kerkkas vir die jaar tot datum het 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaat bydraes vir Junie 2025 was ** minder as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaat bydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaat bydraes.

Instandhoudingsfonds	Junie 2025	Jaar tot datum
Spandeer	**	**

Die bate instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Ria Stander

Nadat sy baie jare in Queenswood gebly het en deel was van GK Pretoria-Meintjeskop, het tannie Ria Stander by Jasmyn-aftreeoord ingetrek en ook deel van ons gemeente geword.

Tannie Ria kom oorspronklik van die Brits-omgewing, maar het in Mayville opgegroeï. Sy het al haar werksjare in Pretoria in die slaghuis-bedryf deurgebring, eers saam met haar eerste man in Meyerspark en toe saam met oom Hennie in Lynnwood. Dit is dus nie 'n verrassing om te hoor dat jy tannie Ria altyd in die vleisafdeling van 'n winkel moet gaan soek wanneer sy inkopies doen nie – sy wil net sien wat daar is en wat lekker lyk!

Saam met haar eerste man het tannie Ria twee dogters. Oom Hennie, wat 'n wewenaar was toe hulle getroud is en in Julie 2023 oorlede is, het ook twee dogters. Saam het hulle 10 kleinkinders gehad, met die eerste agterkleinkind wat binnekort gebore word. Die lekker vir tannie Ria is dat al vier dogters naby haar in die Pretoria-omgewing bly.

Nic en Elsa van der Walt

Ds. Nic en Elsa van der Walt was vir 36 jaar die herderspaar van GK Brits totdat ds. Nic in 2018 geëmeriteer het. Daarna het hulle nog sewe jaar in die omgewing van Brits gebly waartydens ds. Nic vir vyf en 'n halwe jaar hulpdiens by GK Brits-Wes gelewer het en in verskeie ander gemeentes eredienste gelei het. Die laaste vier jaar was hulle lidmate van GK Krokodilrivier, maar begin 2025 het hulle besluit om by Zambesi-aftreeoord te kom intrek. Nou het hulle deel van ons gemeente geword.



Tannie Ria ry nog self rond met hul bakkie en gaan elke tweede week vir 'n borduurklas in Montana. Sy geniet haar tuin baie en het binne die eerste twee weke al 'n paar gesiggies in haar voortuintjie geplant. Sy geniet dit ook om nog haar eie kos te kook – en sommer ook vir die kinders wat hier in Bessieboslaan bly, maaltye voor te berei.



Ons leer ken ... (vervolg)

Ds. Nic het op 'n plot in die huidige Sandton Mall-omgewing opgegroeï, terwyl Elsa 'n Suidwester (Namibiër) van geboorte is. Hulle het mekaar by die Pukke (Noordwes Universiteit) ontmoet en is tans 49 jaar getroud. Die eerste gemeente waar hulle gedien het, was GK Gobabis, waar ds. Nic spesifiek as sendeling onder die Boesmans (San) gewerk het. Daarna is hulle Brits toe, waar hulle saam met hul vier kinders heerlike jare gehad het.

Hul oudste dogter is kort voor haar een en twintigste verjaarsdag oorlede. Hul oudste seun bly hier in die Annlin-omgewing, terwyl sy broer in Potchefstroom is. Hul jongste dogter, Elsje van Jaarsveld, bly in Monumentpark en is 'n bekende stem vir dié wat na RSG luister.

Christie en Hanlie Roets

Ons gemeente het onlangs kennis gemaak met ds. Christie Roets toe hy vir ons gepreek het en sy vrou Hanlie ons met die orrel begelei het. Dit was gedurende ds. Pieter en ons orrelis, Martie Viljoen, se verlof.

Die egpaar se attestaat is al 'n geruime tyd gelede ontvang, maar hulle het nog nie in hul huis in Van der Schyffstraat ingetrek nie omdat hul huis in Alberton nog nie verkoop is nie.

Ds. Christie en Hanlie het mekaar op Universiteit in Potchefstroom ontmoet. Hanlie was 'n onderwyseres en begelei graag as kerkorrelis. Hulle is in 1988 getroud. Hul kinders, 'n tweeling, Antonie en Carla, is in Windhoek gebore. Hulle is nou 31. Antonie werk dikwels in Afrika-lande in verkope. Carla en haar man, Gerhard, woon in Nederland. Sy is 'n ouditeur en hy is in die bankwese.

Die egpaar se eerste gemeente was GK Aranos in Namibië. Daar het ds. Christie 'n klein boerderytjie gehad. Die ander gemeentes waarin hulle gedien het was GK Witpoortjie, toe GK Brakpan-Suid en die laaste amper 15 jaar in GK Alberton-Wes.

Elsa hou daarvan om met kinders te werk en het onder andere by 'n kleuterskool, Hoërskool Brits en by 'n naskoolsentrum gewerk. Sy het 'n besondere liefde vir honde, wat die trek na Zambesi-aftreeoord moeiliker gemaak het omdat sy hul twee Jack Russels 'n ander huis moes gee. Terwyl ds. Nic nog heelwat studeerkamerwerk doen ter voorbereiding van die eredienste waarin hy voorgaan, speel hy ook lekker trompet en geniet hulle dit om by al die nuwe bure rondom hulle te kuier.



Die Here het ds. Christie gebruik om in uiteenlopende gemeentes te werk. In Witpoortjie het ds. Christie vele paartjies getrou en kindertjies gedoop. In Brakpan het die Here hom gebruik om baie afgedwaaldes terug in die kerk te kry. In Alberton moes hy baie gelowiges begrawe en ook dikwels die Gereformeerde leer teen dwalings verdedig. Hy en Hanlie het saam in die bediening gestaan en het dit geniet om leiding te neem in Kersprogramme, Paasfeeste en lof- en dankdienste wat met voorlesings, sang en musiek afgewissel is.

Ds. Christie preek nog dikwels op uitnodiging in gemeentes. Hy gaan weer binnekort vir ses weke in GK Agulhas werksaam wees. Hanlie hou van naaldwerk, boeke en blomme. Ds. Christie stel belang in ou motors en om meubels te verf. Hulle geniet dit om te toer en interessante plekke in ons land te ontdek.

Hallo Dominee-in-wording

Ds. Pieter Kurpershoek

Eugene Du Plessis

Gedurende die eerste helfte van die jaar het ons as gemeente die voorreg gehad om Brendan Vorster tydens sy praktiese opleiding in ons gemeente te leer ken. Hy is nou Frankfort toe en ons kry vir Eugene du Plessis wat na sy goeie tyd op die platteland stad toe kom om ook in 'n groter stadsgemeente ervaring op te bou.

Eugene kom Maandag, 27 Julie, na ons toe en bly tot einde September hier by ons. Hy gaan by Johan en Hendriën Rossouw in die woonstel agter in hul erf bly en so al klaar ietsie van Pretoria-Annlin se omgee en liefde beleef!

Alhoewel Eugene in Kaapstad gebore is, het hy die grootste deel van sy lewe in Mosselbaai deurgebring. Hy was tydens sy hoërskooltyd in Riversdal in die koshuis en is toe Potchefstroom toe om met sy teologiese opleiding te begin. Intussen het sy ma Alberton toe getrek en nou hoef hy darem nie 10 ure per bus te ry om by die huis te kom nie, al mis hy natuurlik die mooi Mosselbaai-omgewing.



Eugene hou daarvan om in die gim van sy spanning ontslae te raak. Hy is lief vir sport, hou die rugby dop, maar kyk veral F1- en uithouwedrenne! Verder is hy gewoonlik hard aan die werk en benut hy sy bed as hy kan – om uitgerus weer verder te kan werk!

Dis vir ons 'n voorreg, Eugene, dat jy 'n tyd hier by ons kom bly, werk en leef. Ons vertrou dat jy die tydjie hier sal geniet, die besondere karakter van Pretoria-Annlin sal beleef en dat die werkstyd hier vir jou persoonlik 'n groeityd sal wees. Ons sien daarna uit om saam met jou te groei in ons lewe met ons Here Jesus en sy genade net nog meer te leer ken en leef!



Sekuriteit- en veiligheidskommissie

Jan Rehder

Wie is ons?

- Oudl. Jan Rehder (Sameroeper)
- Oudl. Danie Pelser
- Br. Johan Van der Walt
- Br. Barry Moss
- Br. Louis Koen



Wat doen ons?

Soos die naam aandui, is die kommissie verantwoordelik vir **aspekte rondom die beveiliging van die kerkgeboue en terrein**, asook die optimale funksionering van spanne wat die veiligheid van lidmate en besoekers tydens gemeentebyeenkomste verseker.

Skakeling vind plaas met die gekontrakteerde sekuriteitsmaatskappy rakende die monitering van alarmstelsels, kameras, patrollies van reaksiebeamptes en statiese wagdiens. Die sekuriteitspanne het direkte radiokontak met die Gemeenskaps-polisiëringsforum (GPF) sou daar 'n insident plaasvind waartydens bv. die polisie, ambulans of brandweer benodig word.

Hierdie kommissie het 'n gesonde wisselwerking met kommissies verantwoordelik vir die Geboue en Terreine, asook vir Staande Administrasie en Kommunikasie.

Skrifbegroning:

In Neh. 4:9 lees ons: "... Ons het tot ons God gebid en dag en nag wagte teen hulle uitgesit ..." Dit dui op beide die belangrikheid van gebed en praktiese stappe om onself te beveilig.

In 1 Kor. 26:12-16 lees ons hoe die poortwagters van die tempel, tesame met die familiehoofde, dag en nag wagdiens gedoen het om die heiligdom te beskerm.

In Luk. 11:21 hoor ons die HERE Jesus Christus se woorde wanneer Hy sê: "... Wanneer 'n sterk man hom goed bewapen en sy huis bewaak, is al sy besittings veilig ..."

En ook in Joh. 13:14-15 wanneer Jesus vir sy disippels sê: "... As Ek, wat julle Leermeester en Here is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen ..."

Uitnodiging:

Daar is reeds 'n aantal lidmate wat, tesame met die ouderlinge en diakens, die kerkterrein tydens Sondageredienste patroleer. Nog hulp sal welkom wees en meehelp om die werkslas op ander te verlig. Lidmate wat graag betrokke wil raak, word uitgenooi om hul ouderling, die sameroeper of die kerkkantoor te kontak.

Vervolgverhaal: Die Groot Geheim ... (3)

Nicola du Plessis



Die volgende oggend staan die ses vriende op die grasperk voor die trippelverdieping skoolgebou. “Ons het julle hulp nodig. So hier is die plan ...” fluister Suzanne.

“Daai is ’n briljante plan!” roep Herman verbaas uit toe sy begin verduidelik.

“Toe jy gesê het dit is ten bate van almal, het ek regtig nie gedink dit gaan só ’n goeie plan wees nie.”

“So, hoe is jy van plan om dit reg te kry?” vra Edwin.

“As ons op die derde vloer staan en julle staan onder ...” die skoolklok blêr in die agtergrond net toe Suzanne wil uitbrei. “Ons gaan in elk geval eers toestemming by die hoof moet kry en ons almal weet hoe vrygewig hy met die woord ‘ja’ is.”

Saam stap hulle aantreeblad toe.

“En dan wil ons ook net geluk sê aan die volgende personeellede wat verjaar,” dring die hoof se stem weer tot Edwin deur. Sy brein werk oortyd terwyl hy besig is om Suzanne se plan te oordink. “Om ’n gewig van omtrent 10 kg van die derde verdieping af na onder te kry teen ’n spoed wat dit nie onmiddellik in ’n projektiel verander nie, gaan nogal ’n uitdaging wees,” dink hy.

“Julle mag verdaag.” Weer het hy net helfte van die hoof se toespraak gehoor.

Hy draai saam met die res van sy vriende om en loop klas toe. Hy besef nie hy frons nie, tot Luan, wat gewoonlik die stil een is, vir hom vra: “Het jy iets sleg geruik, my vriend?”

“Nee, ek dink maar net aan hoe ons die meesterplan moontlik kan maak. Dit is geen kinderspeletjies om ’n ...” Die kyk wat hy kry, laat die woorde in sy keel stol. “Sy het jou gewaarsku jy rep nie ’n woord oor die plan by die skool nie.” waarsku Luan.

Kleuterpret

Inkleurprent

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.




2 Korintiërs 1:3-4

³ Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. ⁴ In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,

Jongmensjolyt

Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Begin aan die bokant van die sneeuvlokkie (blou pyltjie) en vind die pad na onder (geel pyltjie). Vind dan al die simbole op die pad om die bybelversie onder te voltooi!



★	dit	▼	getrou
■	skuld	☁	omgee
●	genade	✳	liefde
★	God	♥	lewe
💬	hoop	➡	vertrou
◆	dooies	✱	onself

**“... Maar _____ het gebeur, sodat ons nie
op _____ sou _____ nie, maar op _____ wat
die _____ opwek tot die _____.”**

2 Korintiërs 1:9b

Tienerfokus

Henriëtte Mulder

Tieners het dit nie altyd maklik nie ...

Dis baie maklik om te vergeet dat die moeilikhede van die lewe nie net vir grootmense gebêre word nie, maar dat tieners ook deur swaar en moeilike tye gaan. Ouers, vriende, skole en die samelewing plaas soveel druk op tieners dat hulle hopeloos voel. Hulle voel dat hulle lewe geen doel dien nie en dat hulle nie weet waarheen om te gaan nie.

Waarvoor om uit te kyk wanneer ons vriende deur moeilike tye gaan

SADAG (South Africa Depression and Anxiety Group) gee vir ons 'n paar tekens wat op depressie dui:

- Hulle verloor belangstelling in dinge wat nog altyd vir hulle belangrik was.
- Hulle het 'n konstante hartsier wat nie weggaan nie.
- Geïrriteerdheid en woede speel groot rolle in hulle alledaagse lewe.
- Hulle voel hopeloos.
- Hulle eet- en slaappatrone is totaal en al uit balans.
- Hulle sukkel om besluite te neem.

Natuurlik is baie van hierdie tekens ook deel van die normale tiener se lewe, maar dis 'n beginpunt waarna gekyk kan word wanneer ons sien iets is nie lekker met ons vriende nie.

Wanneer om hulp te vra

Ons moenie dink dat ons onself verbeel as ons voel iets is nie reg nie; daar is 'n rede vir die gevoel. Vra vir God se hulp om nie hulle gevoelens te misken nie en om te weet wat om wanneer te sê en te doen. En laastens, vra hulp van 'n volwassene. Ons moet mekaar se laste dra, maar ons moenie self in die gat van depressie val nie. Wees die vriend van Spr. 18:24: **“Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.”** Sô staan ons mekaar by op elke moontlike manier wat ons kan.



Hoe om daar te wees vir ons vriende

Die eerste ding wat elkeen van ons kan doen wanneer ons sien dat 'n vriend deur 'n moeilike tyd gaan, is om daar te wees en te luister. Ons hoef nie iets te sê nie, ons teenwoordigheid en meer as genoeg.

Soms gaan ons vriende ons probeer wegstoot en dit is juis dan wanneer ons nie moet toelaat dat hulle dit doen nie. Dit gaan seermaak en ons mag dalk dink hulle is nie meer lief vir ons nie, maar juis hier moet ons vasbyt en deurdruk.

Bid vir hulle – saam en alleen.

Briewekolom

Op 29 Junie het prof. Nico Vorster se preek onder andere gehandel oor die gemeente van Efese wat hul eerste liefde verlaat het maar wat in hul guns gehad het dat hulle dit wat die Nikolaïete doen, verafsku. Broeder Andries Leuschner het toe probeer inligting bekom oor die Nikolaïete en 'n briefie aan ds. Attie gerig. Sy brief en ds. Attie se antwoord daarop word hieronder geplaas. (Red.)

Hallo Attie,
Ons het nou die dag in 'n preek gehoor dat die gemeente in Efese een ding het wat in hulle guns tel, naamlik dat hulle teen die Nikolaïete is. Ek onthou nog dat ek in Efese 'n beeld gesien het van Nike (sien die prent wat ek van die internet af gekry het), en toe wonder ek of daar 'n verband is tussen Nike en die Nikolaïete want die eerste deel van die naam Nikolaïete klink vir my nogal soos Nike. Ek kon nie veel uitvind oor die Nikolaïete nie, behalwe dat hulle naam wel verband hou met Nike. Nike is die godin van oorheersing en laos verwys na mense, so die naam Nikolaïete beduie op oorwinning oor mense. (Ek vind dit Interessant dat Nike soortgelyk is aan die Latynse en Engelse "Victoria".) Daar word óók in Pergamum verwys na die Nikolaïete. So, Nike en Nikolaïete verwys na oorheersing en na mag. Dit wil sê die teenpool van liefde was groot in Efese. Die stad Efese het 'n paar eeue later tot niet gegaan. Dit is nie duidelik wanneer dit was nie, maar daar was twee gebeurtenisse wat dit aangehelp het, naamlik 'n groot aardbewing in 262 NC. Die stad is herbou, maar dit was nie meer dieselfde nie. Die ander het oor 'n lang tydperk plaasgevind. Efese van die Bybel was 'n hawestad, maar die hawe het oor 'n paar eeue toegeslik. So nou is die see ver van Efese af, of moet ek sê Efese ver van die see af.
Die eens groot en magtige stad Efese is nou net een groot ruïne, en daar is ook 'n beeldjie van Nike.



Groete
Andries

Hallo Andries,
Dankie vir die agtergrond oor Nike en Efese en die Nikolaïete waaroor ons gesels het. Dit is interessant. Ons hoor baie oor die Nikolaïete en ek dink die agtergrond is waardevol om te weet.
Die kompliment van Here oor die gemeente se volharding teen die verleidelike leer van die Nikolaïete, kan egter maklik n wegkruipplek vir gelowiges raak. "Ons doen wel nie sending nie, maar ons is darem teen die Nikolaïete"; "Ons versorg nie die armes nie, maar ons haat wat die Nikolaïete doen". "Ons gee toe aan ander versoekinge maar nooit dié van Nikolaïete nie".
Laat ons hard werk en al die dinge doen wat God vir ons gee om te doen sonder om die dinge wat ons wel doen en vir ons maklik is om te doen, voor te skuif.

Groete
Attie



Het jy geweet?

Die boek Esegiël is geskryf aan mense wat hulle in moeilike omstandighede bevind het en spreek 'n heerlike woord van bemoediging vir mense van alle ouderdomme. Dit vertel hoe 'n mens moedeloosheid kan hokslaan en vrese kan hanteer as jy deur angs, siekte, onsekerheid en dood gaan, met ander woorde, **dit wys dat God help, want God is hier!**
Ook in ons lewe gebeur dinge wat ons nie verstaan nie, daarom móét ons op God vertrou, omdat dit God se wil is!

Bronnelys:

Van der Watt, J., Bosman, H., Du Rand, J., Janse van Rensburg, F., Nel, M., Smit, D. & Venter, P. 2003. Die Bybel A – Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaat-skappy.

Kanselkleed

Gerhard van Staden

As u tydens die eredienste na ds. Pieter se boodskappe luister, het u oë al na die preekstoel se kanselkleed toe beweeg? Het u al gewonder wat al hierdie simbole verteenwoordig? Kom ons ontleed die simboliek daarvan en kyk na die geskiedenis van hierdie besondere houtsneewerk.




Die sentrale simbool in die kanselkleed word die **Chi-Rho** (óók genoem 'n Christusmonogram*). Dit is 'n simbool wat die Romeinse keiser Konstantyn gekies het. Dit bestaan uit twee letters in die Griekse alfabet (**X** = “**chi**”) (**P** = “**rho**”). Dit vorm dus 'n samestelling van die woord “**Christos**” wat

Jesus:	Jesus
XRISTOS:	Christus
THEOU:	van God
Uios:	Seun
Soter:	Verlosser

Christus beteken. Die Chi-Rho is 'n simbool wat dikwels in kerke gesien word.

Die sentrale simbool (**Chi-Rho**) word omraam deur vier visse. Die vier visse se simbool word **ixthus***, die Griekse woord vir vis, genoem. Die vis was 'n geheime simbool van die Christene wat onder Romeinse heerskappy vervolgt is. Die letters van die woord ixthus* (wat ook as 'n geloofsbelydenis gedien het) het Christene aan Jesus en hul geloof in Hom herinner. Beide hierdie simbole is 'n voorstelling van die Christelike geloof.



Die kanselkleed is trots met die hand vervaardig deur oudl. Dirk Coetzee se vader, oom Bok Coetzee, 'n kranige skrynwerker van weleer.

Oom Bok was lidmaat van ons gemeente sedert 1999 tot en met sy afsterwe. Die kanselkleed is aanvanklik vir die Gereformeerde Kerk (GK) Germiston vervaardig lank voor oom Bok en tannie Toek na Pretoria verhuis het. Toe GK Germiston in 2019 ontbind het, het oudl. Dirk die kanselkleed gaan haal. GK Pretoria-Annlin se kerkraad het dit toe gerade geag om hierdie besondere handvervaardigde kanselkleed hul eie te maak.

Artikel met vergunning van oudl. Dirk en sr. Joan Coetzee geplaas.


*Stander, Hennie. 2000. Simbole: Veilig of gevaarlik? 'n Gids tot Christelike simbole en tekens. Kaapstad. Struik Christelike Boeke Bpk.

Blokkiesraaisel:

Die Fontein Julie 2025

- Al ons lidmate (oud en jonk) word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kalender.
- Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- Maak 'n kopie / afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel.
- Maak seker dat jou naam (of voorletters) en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal..

Naam en van: _____



Leidrade:

AF

1. Wat is die Afrikaanse woord vir die Griekse woord ixthus? [uit Kanselkleed]
2. Een vorm van swaarkry wat in Henriëtte Mulder se artikel genoem word. [uit Die wintertye in ons lewens ...]
3. Wat is die tweede fase wanneer 'n persoon met 'n ernstige siekte of besering gekonfronteer word? [uit Hoe hanteer ek as gelowige my siekte?]
4. Volgens Psalm 92 is bejaardes soos dié tipe bome. (4,2,5) [uit Moedig deur jou winter]
5. Waarmee word die mens wat op die Here vertrou, vergelyk? [uit Nogtans verbly ons, ons in die Here]
7. Wie is die redakteur van die maandblad? [uit Redaksioneel]
9. Die naam van die DDS se nuusbrief. [uit Deputate Diakonale Sake]
11. Van watter land kom pastor Ron Chimzimu? [uit Opleiding van kerkleiers in Mosambiek]
12. Die volgende woorde van Paulus kom 15 keer in sy brief aan die Fillipense voor: blydschap, verbly en _____. [uit Lewensvreugde ten spyte van swaarkry en terugslae]

DWARS

6. Wat is die nuutste fondsinsamelingsprojek vir evangelisasie? [uit die artikel deur Johan Potgieter]
8. Wie is van mening dat alleenwees ook as 'n heilige oomblik gesien kan word? (6,7) [uit Hoe hanteer ek as gelowige eensaamheid?]
10. In watter Bybelboek lees ons dat gebed EN stappe om onself te beveilig belangrik is? [uit Kollig op die Sekuriteit- en Veiligheidskommissie]
13. Watter Bybelboek is geskryf aan mense wat hulle in moeilike omstandighede bevind? [uit Het jy geweet?]
14. Die 4 lewende wesens wat volgens Openbaring 4 in God se troonsaal voorkom, is die leeu, die bul, die ___ en die mens. [uit Diere en voëls van die Bybel]
15. Waar is die gemeente aan wie Paulus 'n brief skryf terwyl hy in aanhouding is? [uit Lewensvreugde ten spyte van swaarkry en terugslae]


Diere en voëls van die Bybel

Roofvoëls (Deel 3)

In deel 2 het ons gekyk na aasvoëls. In hierdie uitgawe kyk ons na die arende. Die arend is in Hebreeus die neshar genoem. Arende word ongeveer 25 keer in die Bybel genoem.

Die arend word dikwels deur middel van beeldspraak en metafore gebruik om diep geestelike betekenis oor te dra, soos God se krag, beskerming en soms selfs bestrawwing. In Deut. 32:11-12 kry ons die pragtige beeld van God wat sy volk beskerm en versorg soos die appel van sy oog, ja, **“soos ’n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos ’n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra.”** So ook is daar die simbool van die regverdige. In Jesaja 40:31 lees ons **“maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke ...”**.

Aldus Openbaring 4 kry ons ’n kykie op God in sy troonsaal. Volgens vers 7 is daar vier lewende wesens rondom die troon. Die leeu is die sterkste van alle wilde diere, die bul die sterkste van alle mak diere, die arend die sterkste van alle voëls en die mens die magtigste van alles wat geskape is. Gesamentlik stel dit die hele skepping voor wat besig is om God se lof te besing.



Die arend, as een van baie antieke simbole, het as ’n belangrike simbool van die Romeinse Ryk (veral in ’n militêre konteks) op die skilde van die Romeinse soldate gepryk as ’n teken van mag, oorwinning en die goedkeuring van die gode.

Omdat die antieke mens oortuig was dat die arend die sterkste onder die voëlsoorte was, die hoogste gevlieg het en die skerpste oë gehad het, is hy as die draer van goddelikheid beskou. Ons kry ook dikwels afbeeldings van ’n arend wat ’n slang doodmaak wat dus as simbool dien van Jesus Christus se oorwinning oor die Satan.

In die volgende uitgawe kyk ons na die uile.

Bronnelys

Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Stander, Hennie. 2002. Kan jy glo dít is in die Bybel. Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Stander, Hennie. 2000. Simbole: Veilig of gevaarlik? Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

Van der Watt, J., Bosman, H., Du Rand, J., Janse van Rensburg, F., Nel, M., Smit, D. & Venter, P. 2003. Die Bybel A – Z. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaat-skappy.

Blokadvertensies

GEMEENTEGELEENTHEID

'n Oggendtee met 'n twist!
(Ja, dis vir mans ook!)

Datum: Saterdag, 20 September 2025
Tyd: 10:00 12:30

Plek: Kerksaal, Gereformeerde Kerk Pretoria Annlin, Braam
Pretoriusstraat 112, Wonderboom

Gasspreker: GP van Rhede van Oudtshoorn,
Motiverings- en vermaaklikheidspreker en sanger.

Koste: R200/kaartjie
Fondsaanwinst ten bate van die Palliatiewe Sorgingheid
(Hospice) by Huis Hemon.



Honde Stap Diens

Ons stap jou woefies

**kontak Stefan
by
084 336 1167**



INSPIRERENDE LEIERSKAP

Riglyne vir sukses uit die sakewêreld en die Woord

BRAND PRETORIUS & JURIE SCHOEMAN

LEIERSKAP IN DIE WERKSPEK
Dr Brand Pretorius & Dr Jurie Schoeman
Vrydag, 25 Julie 2025
18:30

INSPIRATIONAL LEADERSHIP

Best practice from the business world and the Word

BRAND PRETORIUS & JURIE SCHOEMAN

Gereformeerde Kerk Rietvallei (359 Umgeni Straat, Erasmuskloof)

Kaartjies @ R150 per volwassene (R100 vir 65 jaar en ouer).

Moenie hierdie merkwaardige aand misloop nie—merk dit sommer nou in jou dagboek af en bespreek jou kaartjie in die "F" dokument. Bespreking kan ook gedoen word op Quicket webwerf - www.quicket.co.za

KONTAK: MARK - 082 456 1081

ONS DAAG JULLE GEMEENTE UIT

20 September 2025

Bring jou beste spanne en kom kyk wie is die top gemeente

GONG
Skietkompetisie

KROKODILSPRUIT SKIETBAAN

.22 LONG RIFLE
4.5 / 5.5MM PELLETS

R170 vir 1 kg
R90 vir 500 g

Heerlike koekies te koop !!

- Soetkoekies
- Vlakoekies
- Koffiekoekies, Klapperkoekies
- Kraak-lekker-koekies

Kontakpersoon:
Susan Fourie
082 745 4117
GK Kameeldrift

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

